**Skriflesing: Matteus 18 vers 1-7 en 19 vers 13-15**
**Tema: Jesus seën kinders**

Kinders is in die Bybelse tyd gesien as besondere seën van die Here. Kinders is geskenke van Hom.

Tog het kinders in Jesus se tyd glad nie ‘n belangrike posisie in die samelewing beklee nie. Hulle was byna op die heel onderste sport van die leer van belangrikheid, net belangriker as slawe.

Kinders moes op die agtergrond bly. Hulle is gesien en nie gehoor nie. Hulle mag nie inbreek maak op hul ouers en veral nie hul pa’s se lewens nie. Rabbi’s het geleer: "’n Belangrike en wyse man hou hom nie op met kinders en kinders se praatjies nie. Oggend-slapies, wyn in die middel van die dag, onkundige mense en kinders se geselskap is nie vir manne bedoel nie; dit verban jou uit die wêreld van goeie geselskap."

Tog sien ons dat mense hulle kinders na Jesus toe bring sodat Hy vir hulle die hande kan oplê en vir hulle kan bid.

Dit sluit aan by ‘n baie ou gebruik. Isak en Jakob het hul seuns geseën. Rabbi’s het hul hande op mense gelê en die seën van die Here op hulle afbid. Die rede vir handoplegging was simbolies van die krag, eer en seën van die pa of rabbi wat oorgegaan het na die kind. As ouers kindertjies na Jesus bring, vra hulle daarmee dat iets van Jesus se krag en liefde, iets van Homself, moet oorvloei na hul kindertjies.

Ouers bring hul kinders en die dissipels raas met hulle. Die dissipels is nog vas aan die tradisies van die tyd. Vir die dissipels is kinders te onbelangrik dat Jesus sy tyd op hulle mors. Die mense kan mos sien Jesus is heeltemal te besig; besig met belangrike dinge en met vername mense in gesagsposisies. Daarom moet hulle Hom nie met kinders pla nie.

En dan raas Jesus met die dissipels en Hy sê in Matteus 19 vers 14: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."

Daar is geen twyfel dat Jesus nie onderskeid maak nie. Hy is baie lief vir alle mense. Hy het ons reeds vanoggend by die doop verseker dat Hy ons elkeen se God en die God van ons nageslag sal wees.

Waarom spandeer Jesus tyd met kinders? Want kinders is vir Hom belangrik. Hoor Sy woorde in Matteus 18 vers 3-4: "[3]Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. [4]Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel."
In Markus 10:15 stel Hy dit eintlik nog duideliker: "Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."
Jesus praat hier met Sy dissipels en ons as grootmense.

Teenoor die selfgesentreerde dissipels, wat stry oor wie die belangrikste is, staan die kinders. Soos die baba wat vanoggend gedoop is afhanklik is van sy ouers, so is ons vir alles afhanklik van ons Vader se sorg. Klein kinders jaag nie status en eer na nie. Hulle ag hulself gering. Hulle is bereid om die minste te wees. Dit is hoe belangrikheid vir Jesus lyk.

Ons leef in sulke gevaarlike godsdienstige tye waarin ons baiekeer opgeroep word tot ‘n teenprestasie-godsdiens. Ons word geleer dat jy eers dit of dat moet doen, dan sal die Here jou seën. Ons is egter nie so belangrik nie. Ons hoef niks te doen nie. Ons kan niks doen nie, die Here het reeds alles aan die kruis gedoen.

Ons bely saam met ons gereformeerde voorvaders dat die Bybel die enigste bron en maatstaf van geloof is. Uit die Bybel is dit duidelik dat Christus die enigste Verlosser is. Die doop herinner ons hieraan. Hy gee die lewe en ewige lewe as geskenk. Geloof is niks meer as die bedelaarshande waarmee ons Sy verlossing uit genade ons eie maak nie. Daarna gaan leef ons Geesvervuld 'n lewe tot eer van God. Egte grootheid word dus nie verkry deur 'n strewe na grootheid nie, maar juis deur die afsien van grootheid. In Lukas 9 vers 48 sê Jesus: "Wie die minste onder julle almal is, hý is groot."

Ek sluit af met Jesus se waarskuwing in Matteus 18 vers 6-7: "[6]Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink. [7]Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom."

Van wie praat Jesus hier? Praat Hy van dwaalleraars of van hulle wat kinders mishandel? Hy praat van hulle ook. Maar Hy waarsku dat almal wat maak dat 'n kind se geloof 'n knou kry in groot moeilikheid is. Die Here sal hulle swaar straf. Ek het die afgelope week by die avontuurweek weer besef hoe sommige ouers hul kinders, wat geloof aanbetref, in die steek laat. Van die kinders by die avontuurweek het nie geweet dat Efesiërs 'n boek in die Bybel is nie. Een van van die kleintjies het huilend gevra of die week nie kan aanhou nie, want hulle as familie kom nooit in 'n erediens nie.

'n Paar jaar gelede was daar sprake dat die Bybel uit skole verban gaan word. In daardie tyd vertel 'n skoolhoof vir my hoe 'n ma baie onsteld vir Hom sê dat dit nie kan gebeur nie: "want wie gaan haar kind dan van Jesus leer?"

Ons sê so maklik dat ons lief is vir ons kinders. Wanneer ons hulle liefhet, sal ons as ouers ons kinders na die Here toe bring. Ons sal vir hulle bid, hulle seën en hulle van Jesus vertel. Dit is God se opdrag aan ouers.

Dit is ook 'n taak waarmee oupa's en ouma's asseblief moet help. Daar is 'n voordeel daaraan verbonde. Navorsing bewys dat oupa's en ouma's langer leef as hulle kinders oppas. Die rede hiervoor is dat kinders hulle meer aktief hou en hulle stresvlakke verlaag.

Ons bring kinders ook na die Here deur ons voorbeeld. Hier is die spreekwoord wat lui dat die appel nie ver van die boom val nie, van toepassing.

Die grootste ding wat ouers kan doen, is om vir hulle kinders lief te wees. Kinders spel liefde: TYD. Jesus het dit geweet, daarom het Hy kinders op Sy skoot laat sit en hulle geseën. Ons het baie tyd vir ons kinders. Ons ry hulle rond en sorg dat hulle betyds vir elke afspraak is. Maar wat belangriker is, is tyd met ons kinders. Tyd om sommer net saam te speel en te kuier. Ons het baie verskonings waarom ons dít nie doen nie. As daar iemand was met 'n oorvol program, dan was dit Jesus. As daar iemand was wat tyd met kinders deurgebring het, dan was dit Jesus. Wat is jou verskoning?

**Afsluiting**
Kom ons erken en bely ons kinderderlike geloofsafhanklikheid van die Here. En kom ouers, oupa's en ouma's en kerk van die Here, kom ons maak nog meer erns met Jesus se woorde in Matteus 18 vers 3-4: "[3]Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. [4]Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel."
**Amen**